

17 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 59
Fokusgedeelte: Psalm 59:1-11

Die Here is jou veilige vesting te alle tye

Die wêreld waarin ons lewe word deur geweld, moord, doodslag en allerhande ander misdaad gekenmerk. Dit word al hoe moeiliker vir mense om rustig en ontspanne te wees in hulle eie huise, want hulle word deur allerhande soorte misdadigers omsingel. Jy weet nooit wanneer dit veilig of onveilig is nie.

Dawid beleef dieselfde probleem hier in Psalm 59, waar hy deur Saul se soldate omsingel word, omdat hulle hom wil doodmaak. Hulle word beskou as sy teëstanders. Ander woorde waarmee hulle beskryf word, is gewelddenaars, moordenaars en mense wat onreg doen. Hierdie beskrywing is nogal raak as ons dink aan die moordenaars, plaasaanvallers en gewelddenaars wat die mense van hierdie land net so teister. Daar is geen rus en vrede nie, want jy weet nooit wanneer jy dalk in die slag gaan bly nie.

Te midde van al hierdie dinge is Dawid egter besig is om te bid. “Red my van my vyande, my God ...” Hy vra die Here om hom te beskerm en hom van die moordenaars te bevry. Die rede? Die Here lag hulle uit (vs 9). Die Here is getrou en sal hom te hulp kom (vs 11). Die Here is sy veilige vesting en daarom sal Dawid sy hoop op die Here gevestig hou.

Jesus nooi elkeen van ons uit in Matteus 11:28 as Hy sê: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee.” Ons raak uitgeput, moeg en oorlaai van al die spanning van ons omstandighede en veral die geweld en misdaad wat ons elke dag so raaksien. Maar ons toevlug lê alleen by die Here. Hy is die enigste Een by Wie daar uitkoms is.

Hy sien raak wat om ons aangaan. Daar kom ’n dag dat Hy nie meer hierdie dinge sal duld nie en dan vind die finale koms van ons Here, Jesus Christus, plaas. Dan is daar geen misdaad en geen sonde meer nie – net ewige rus in sy teenwoordigheid.

Sing: Psalm 59:5 (1936)

Ds. N Boy (Thabazimbi)